Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, September 02, 2021

Page: 34





# Kontrak vir saamwoners

In die vorige uitgawe is die opstel van 'n kontrak tussen mense wat ingevolge wetgewing oor burgerlike verbintenisse aan mekaar verbind is, bespreek. In dié rubriek word in meer besonderhede na die inhoud van so 'n kontrak gekyk.

Die kontrak wat saamwoners tussen mekaar aangaan ingevolge die Wet op Burgerlike Verbintenisse (Wet 17 van 2006), moet deeglik beplan en uiteengesit word deur 'n kundige prokureur. Aangesien die wet bepaalde formaliteite voorskryf, is die inhoud van die kontrak baie belangrik.

'n Kontrak behoort voorsiening te maak vir bykans alle scenario's, en word vooraf opgestel. Dit kan in die protokol van 'n notaris opgeneem word.

## INHOUD VAN DIE KONTRAK

Die twee partye se volle name en identiteitsnommers word gemeld, asook dat die verbintenis aangegaan word ingevolge die Wet op Burgerlike Verbintenisse, en dat daar geen ander huwelik is of was nie, of dat die vorige gade oorlede is.

Ander bepalings behoort die onderstaande in te sluit met voorbeelde van bepalings.

**Trou aan mekaar:**

- Die redes vir die burgerlike verbintenis.
- Die partye plaas hul liefde, lojaliteit en omgee teenoor mekaar op rekord.
- Besluite word saam geneem.
- Die partye kan nie mekaar se boedelbates kontraktueel bind nie.
- Albei is teen geslagsgeweld gekant.
- Albei beloof om mekaar te respekteer en mekaar se goeie naam, waardigheid en integriteit te beskerm.

**Beëindiging van saambly:**

- Bevestig dat hulle nie getroud is ingevolge die gemene reg of enige ander wet nie, maar dat die verbintenis sal beëindig by die dood van die eerstesterwende of indien hulle saam besluit om van mekaar te skei.
- Verder is hulle dit eens om mekaar te verlaat en die kontrak te beëindig in bepaalde gevalle, soos as een 'n alkoholis raak.

**Bydra tot huishouding en uitgawes:**

- Albei beloof om 'n inkomste te verdien en pro rata tot die huishouding by te dra en om meubels en toebehore in te bring vir gebruik in die gesamentlike huishouding. Sulke meubels en toebehore bly egter die eiendom van die een wat dit inbring het.
- Indien die eerstesterwende se erfgename nie meer bestaan nie, kan die langslewende die belang in die huishoudelike goed erf.
- Die partye sal hul finansiële posisie openbaar maak.
- 'n Gesamentlike bankrekening sal bedryf word.

**Bates:**

- Die vaste eiendom en roerende bates wat elkeen besit, bly daardie party se eiendom.
- Partye kan aan mekaar geskenke gee.

**Gesamentlike eiendom (woonhuis):**

- 'n Vruggebruik ten gunste van die langslewende word op die woonhuis geregistreer.
- Indien die eerstesterwende se erfgename nie meer bestaan nie, kan die langslewende die belang in die woning erf.

**Domicilium:**

- Die huidige adres van albei partye.

**Vennootskap:**

- Die saamwoonvennootskap is nie 'n universele vennootskap soos vir 'n bedryf nie.
- Elke persoon kan van werk verwissel soos dit hom of haar behaag.

**Skuld:**

- Elke partye is verantwoordelik vir sy of haar eie skuld – voor, tydens en ná die verbintenis.

**Testamente:**

- Elke party stel sy of haar eie testament op.

**Versekering:**

- Begunstiging van lewenspolisse aan mekaar word sedeer.

**Mediese skemas:**

- 'n Eie of gesamentlike mediese skema.
- Ná skeiding beloof een om die ander op die fonds te hou en daarvoor te betaal.

**Dood van die eerstesterwende:**

- Die oorlewende het geen eis teen die boedel nie, buiten vir die opvoeding en onderhoud van die kinders en vir mediese uitgawes.

**Kinders:**

- Die kinders dra die van van die pa.
- Die kinders sal na spesifieke skole gaan.

Daar kan nog vele onderwerpe hierby gevoeg word. Elkeen se testament behoort met die kontrak te sinchroniseer. Die eksekuteurs moet by die dood van 'n party die testament én die kontrak in ag neem. **LBW**

*Mnr. Andrè Eloff (CFP®) is boedelbeplanner en konsultant by Business & Legal Consultants (lid van Fisa).*

NAVRAE: E-pos: **andre@buslegal.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.